Ontmoeting 3

LEVI / MATTEUS

Teks: Lukas 5:27-32

Hulpmiddels:

- Kaartjies met prente van Jesus en 'n godsdienstige man/skrifgeleerde (soos die dissipelskaarte)
- Toiletrolle of roomysstokkies om die dissipels te laat staan
- Roomystokkies (om roomysstokkie-mannetjies te maak)
- Papier, boksies, inkleurkryte, gom, skêre
- Kopieë van uitnodigingskaartjies vir elkeen op papier/karton
- Groter kinders: Kopie van gebroke hart uitdeelstuk vir elkeen, pleisters, gekleurde papier/tydskrifte, gom, skêre, penne

WELKOM

- Speel "Aljander-aljander" of 'n ander speletjie waar kinders keuses moet maak.
- Gebruik die kaarte van die dissipels en herhaal weer hulle name met 'n geheue-speletjie of "Snap" of "Go Fish".

Watter dissipel dink julle was baie ryk? **Kies** 'n kaart/prent. (Wys die een met die telraam.) Ja, dis Matteus! Hy is ook genoem Levi. Dit is die een met die telraam. Hy was 'n tollenaar – dit was iemand wat tolgeld ingesamel het vir die Romeinse regering. Mense het nie van hom gehou nie. Hulle het gedink hy is sondig en skelm. Hulle het gedink hy vat ander mense se geld deur vir hulle ekstra tolgeld te vra en dit dan vir homself te hou. Ons gaan vandag hoor oor hoe Jesus vir hom **gekies** het as 'n dissipel en by hom gaan eet het.

WYDING

Sing "Ek is 'n huis" van Soekie en die Radikids.

Sing die **temalied:** Die Dissipelliedjie.

Stilword ritueel:

Gee die uitnodigingskaartjie en lees dit saam.

Aan my liewe kind .....

Ek het jou baie lief. Ek kies jou. Ek wil hê jy moet my vriend wees. Dit maak nie saak of jy al verkeerde dinge gedoen het nie. Ek vergewe jou.

Kan ek vandag na jou huis toe kom en by jou kom kuier? Ek wil in jou woon.

Wat is jou antwoord? .....

.....

Baie liefde en groete

Jesus

Ek wonder hoe jy voel as jy hierdie uitnodiging lees. (Gesels saam.)

Laat elkeen sy/haar naam en antwoord op die uitnodiging skryf en dit daarna in gebed met die Here deel.

WOORD

Inleidend kan jy vertel dat 'n tollenaar iemand was wat belasting ingesamel het. Mense het gedink tollenaars is sondig en skelm (omdat hulle meer geld gevra het as wat hulle moes sodat hulle van die geld vir hulleself kon neem en ryk word).

Lukas 5:27 – 32 ("diebybel@kinders"):

(Gebruik 'n sandboks en laat die kinders die verhaal uitbeeld deur die dissipelkaartjies te gebruik.)

"Jesus stap toe verder. Toe Hy by 'n kantoor kom waar almal belasting moes betaal, sien Hy 'n tollenaar sit. Sy naam was Levi. Die tollenaars het die mense so baie belasting laat betaal dat niemand iets met hulle te doen wou hê nie. Jesus het vir Levi gesê: 'Volg My. Laat staan alles waarmee jy besig is en word een van my dissipels!' Levi het nie op hom laat wag nie. Net daar het hy sy werk gelos en agter Jesus aangestap.

Jesus is van daar af na Levi se huis toe. Levi het gou 'n klomp van sy vriende oorgenooi vir ete. Sy vriende was mense wat in die Jode se oë baie sonde gedoen het. Hulle almal het saam met Jesus en sy dissipels kom eet. Toe die godsdienstige leiers sien dat Jesus saam met mense eet wat in hulle oë groot sondaars was, was hulle geskok. Hulle sê vir Jesus se dissipels: 'Vir wat eet julle leermeester saam met 'n klomp slegte mense? Hy weet mos God hou niks van sulke mense nie. Is hulle Jesus se vriende?'

Jesus het gehoor wat die godsdienstige mense vir die dissipels vra. 'Gesonde mense het mos nie 'n dokter nodig nie,' antwoord Hy hulle. ''n Dokter is daar om siek mense te help. Ek ook. Ek het nie gekom om gesonde mense te help nie. Ek kom om slegte mense se sondes weg te vat.'

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder hoe sou jy gevoel het as jy Levi (Matteus) was en mense nie van jou gehou het nie.
2. Ek wonder hoe sou jy reageer het as jy Levi was en jy gehoor het dat Jesus jou kies om Hom te volg.
3. Ek wonder wat dink jy het Levi se vriende gedink.
4. Ek wonder hoekom was die godsdienstige leiers verbaas.
5. Ek wonder waaroor het Jesus, Levi en sy vriende gesels.

Jesus verduidelik dat Hy soos 'n dokter is. Wat beteken dit? Kom ons dink saam aan die dinge wat Jesus genees. *(Gee hulle kans om te gesels en antwoorde self uit te dink.)*

Moontlike antwoorde....

Jesus genees jou.... * siekte * sonde * foute * woede * hartseer
* twyfel * eensaamheid (alleen wees)

WERSKAF

Vir kleiner kinders:

- Elkeen maak 'n roomysstokkie-mannetjie. Skryf agterop: "Ek is genooi!" Elkeen kan die mannetjie/vroutjie uniek versier om hom-/haarself voor te stel.
- Maak 'n etenstafel met mannetjies en skryf: "Jesus kom eet by my."
- Maak kaartjies van Jesus en 'n godsdienstige leier vir jou versameling. Gebruik ook dan die kaarte van ontmoeting 1

(op roomysstokkies of in toiletrolletjies se gleufies) en laat die kinders die verhaal weer “speel”.

Vir groter kinders:

- Gebruik gekleurde papier of tydskrifte om ‘n gebroke hart “collage” te maak. (Gebruik die uitdeelstuk.) Skryf op die pleisters beloftes uit die verhaal, bv. “Jesus roep jou”, “Jesus nooi jou”, “Jesus is jou vriend”, “Jesus maak jou gesond”, “Jesus vergewe jou”, ens. Daarna word die pleisters gebruik om die hart se twee helftes aan mekaar vas te plak.

Sluit af met die seënbede soos in ontmoeting 1.



Jesus kom eet by my.